

### ***Die klein dingetjies***

In die klein dingetjies van die lewe is dit die Skepperhand wat aan my die gawe van lewe gee, wat my voed, my versorg, wat my nie vergeet nie en ook deur my 'n boodskap aan die lewe wil gee. So is dit elke dag van elke jaar. So dink ek elke Oujaar. So dink ek elke Nuwejaar. DV. Deo Volente. As God wil.

In die klein dingetjies is die speserye van die lewe. Getrouheid in die klein dingetjies is die geheim van 'n geseënde lewe, die sukses van 'n loopbaan en die adel van 'n beskawing. In die klein dingetjies is die 'enjin' en dryfkrag van die lewe. Daarom moet dit in die werkwinkel van die lewe dreun en zoem van klein dingetjies, want ook die klein skakeltjie in die lewensketting is 'n belangrike skakel in die ratwerk van God se uurwerk.

Betree die toekoms met vertroue. Die Here Jesus het immers in die taal van die klein dingetjies gesê: *"Moet julle nie bekommer nie. Let op die voëltjies en die veldlelies "* (Matt 6).

Dit is opvallend dat toe die Here Jesus op pad na die kruis was om sy Vader se grootste verlossingsplan deur te voer, Hy die aandag telkens op die klein dingetjies gevestig het: *"Mooi so. Oor min was jy getrou, oor baie sal Ek jou aanstel. Vir sover julle dit aan een van die geringste van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen "* (Matt 25:21,40).

Die moraal van die verhaal is: *"Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie"* (Sag 4:10). Die klein dingetjies is die lewe ter wille! Dit is speserye vir die lewe. Dit gee kleur en veral geur aan die lewe.

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)